Leipie Nuus

27 NOVEMBER – 6 DESEMBER 2017 **Nommer 38/2017**

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 27 November
Gr 4: Suid-Kaaptoer 27 November – 1 Desember
Voortrekkers: Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 28 November

Wo 29 November
Gr R: Konsert 18:00. Parkering op rugbyveld

Do 30 November
Gr R: Konsert 18:00. Parkering op rugbyveld

Vr 1 Desember

Ma 4 Desember

Di 5 Desember
Musiek: Snaarbaljaar kitaar konsert 18:00

Wo 6 Desember
Akademie: **Skool sluit om 9:00. Rapporte word uitgegee.**
Skool heropen 17 Januarie 2018 om 7:30
Ramkietjie: Word saam met rapporte uitgegeel

UIT DIE KANTOOR:
Die skool kom nou **om 12:00 uit vir alle leerders tot die einde van die kwartaal.** Ouers moet asb seker maak leerders weet waarheen om te gaan 12:00 en wie hulle kom afhaal. Ons kinders se veiligheid is vir ons baie belangrik. Leerders kan nie saam met ander ouers huistoe gaan om te gaan kuier as die ouers nie daarvan weet nie. Wagklas tot 13:40. **Alle** leerders **moet** in die wagklas vir ouers wag as hulle nie 12:00 afgehaal word nie. **Geen leerder mag op die terrein of by hekke vir ouers wag nie.** Naskole kom haal leerders 12:00. Indien die naskool hulle nie om 12:00 kry nie, sal hulle wagklas toe gaan en dan daar afgehaal word.

Die DVD's wat bestel is word op 6 Desember saam met die rapporte uitgedeel. Daar word ook Santa Rosa Spur kinder-eetbewyse vir Gr R-6 saam met rapporte uitgedeel.

H/S CENTURION SKOOLBEHOEFTES GR 8 2018:
The School Depot bied vir alle Hoërskool Centurion Gr 8 leerders van 2018 tot die einde November 2017 'n 15% afslag op alle aankope. Die winkel is op die skoolterrein by die pawiljoen.
Vir meer inligting skakel Heather by 082 706 6295.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Hoofleiers 2018:
Baie geluk aan Heinrich Muller en Mia v/d Heever wat as hoofleiers 2018 verkies is en SG Roode en Deo-moré Beukes as onderhoofleiers 2018.
Wiskunde: Andre Lake-Roode- neem deel aan AMSASA (Abacus Maths Association of South Africa) Kwalifiseer om deel te neem aan die Internationale kompetisie - GASJMA (Global Association of Japanese Mental Arithmetic).

BELANGRIKE DATUMS:
27 Nov-1 Des: Gr 4 Suid-Kaaptoer
29-30 November: Gr R konsert 18:00

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word). By graad R – 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

Daar is liefde met Kersfees omdat Kersfees uit liefde gebore is. Laat elkeen van ons hierdie gees van liefde lewend hou en God verheerlik.

Josepha Emms

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat
(skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)
Ons verkoop skoolrokke, skibroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, krieketHemde & die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae 13:30 tot 17:30
Saterdag 2 & 9 Desember 10:00-12:00
Oop tot 14 Desember 2017

Spesiale tye vir Januarie 2018:
11/1 = Donderdag = 9:00 tot 12:00
12/1 = Vrydag = 9:00 tot 12:00
13/1 = Saterdag = 9:00 tot 12:00
15/1 = Maandag = 9:00 tot 12:00 & 13:30 tot 17:30
16/1 = Dinsdag = 9:00 tot 12:00 & 13:30 tot 17:30
20/1 = Saterdag = 9:00 tot 12:00
Vir enige navrae skakel Berthie van Genderen - 073 147 5705

SLAMPAMPER DRAMA:
Registrasie vir drama in 2018 vind nou plaas. Registrasievorms is by Me Snyman beskikbaar. Nuwe leerders, sowel as leerders wat lid was van Slampamper drama 2017, moet weer registreer. Keuring sal plaasvind. Leerders wat graag wil inskryf moet seker maak dat hulle nie aan te veel aktiwiteite deelneem nie. Drama is harde werk!

ATKV REDENAARS:
Die temas vir 2018 is beskikbaar;
Gr 1-3
Goud, druppeltjies, miere
Gr 4-5
Smaak, vingers, drup
Gr 6-7
Uurglas, hoop, teken

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

MARKDAG 2 DESEMBER 2017:
Ten bate van die Afrikaanse Toekomstrust se pleeghuis "Toekomstuiste"
Adres: Langebrinkweg 88 Lyttelton.
Tyd: 9:00-15:00
Toegang: Doeke, nie-bederfbare kos, enige babaprodukte.
Stalletjies vir die dag @ R250 – kontak asb Melani Lategan vir verdere besonderhede by:
melani.lategan@afrikaansetoekomstrust.org

KERSVERTONING BY ATTERBURY TEATER:
KERSFEES KATASTROFE - 11 & 12 Desember om 11:00.
R100 per persoon.
Besprekings: dulinda@enteractive.co.za of 082 467 7434

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

VERLORE KLERE/ITEMS:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Alle items word aan die einde van die skooljaar verwyder om verkoop te word.
Alle items moet gemerk wees dan is dit maklik om die eienaar op te spoor. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.